Winkelpraatjies

DAVID ENGELBRECHT

Alles draai nie net om teken en bouplanne as jy 'n argitek is nie

Toe Amanda Katz, 'n argitek van Kaapstad, in die laat 1980's by haar vorige firma afgedank is, het sy daar en dan besluit sy werk nie weer vir 'n baas nie.

Dit klink dalk baie dramaties, maar sy is oortuig dat dit die beste besluit is wat sy al ooit geneem het.

En só het sy in 1988 haar eie praktyk se deure oopgemaak met die belofte dat haar liefde vir argitektuur geen perke sou ken nie.

"Ek het besluit om 'n argitek te word juis omdat dit al my gunstelingvakke op skool, soos kuns, wiskunde en wetenskap, saamgevoeg het. Reeds van 'n vroeë ouderdom het ek dit geniet om te teken, en die idee van jou besigheid te bestuur en bemark was deel van die pakket wat ek na soveel jare nog geniet," vertel Amanda opgewonde.

Sy reken dat argitekte se belangrike insette in bouprojekte heeltemal misgekyk word en dat

Amanda Katz Foto's: VERSKAF

hulle een van die belangrikste elemente in 'n formule is wat 'n gebou saamtrek. Dit is ook hulle wat die eerste idees konseptualiseer en aanhou vorm, om seker te maak dat dit inval met al die verskillende beperkings, kostes en voorwaardes.

"Ek glo dat ons as argitekte die werk van ander konsultante, soos ingenieurs en kontrakteurs, byeenbring. Ons word reeds van vroeg geleer dat die begroting van 'n bouprojek in konteks geplaas moet word met 'n tikkie kreatiwiteit en transformasie. Mense vergeet gou dat die gebou steeds sal bly staan nadat die oorspronklike eienaars al afgesterf het, en op 'n manier in harmonie moet wees met sy bure en die omliggende omgewing."

Een die projekte waaraan Amanda al gewerk het, was dié kliniek in Grassy Park.

Sy geniet dit die meeste om betrokke te raak by projekte waar skole en klinieke opgerig word, juis omdat Suid-Afrika 'n groot tekort aan sulke geriewe het.

"Ek put genot daaruit om aan hierdie geboue te werk, juis omdat dit deel is van die oplossing en ook 'n plek kan wees wat die publiek gereeld sal wil besoek."

Maar wie is Amanda Katz agter die argitek?

Agter die slim kop vir ontwerpe is sy 'n Kapenaar wat dit geniet om tyd saam met haar vriende deur te bring en gereeld die natuur invaar.

Sy woon in die middestad saam met haar eggenoot en twee katte wat tot in die afgrond bederf word.

Omdat Kaapstad vanjaar se internasionale ontwerpershoofstad is, glo Amanda dat ontwerpers elke oomblik van hierdie geleentheid moet benut.

Wat hou die toekoms vir argitekte in?

"Ek glo dat argitekte heelwat meer betrokke moet raak by laekostebehuisingsprojekte, juis omdat hierdie gebied dringende insae verg om projekte se kostes te besnoei," meen sy.

As jy nog altyd gedink het jy wil 'n argitek word, los Amanda jou met die volgende wyse woorde: "As jy inskryf vir so 'n studierigting, moet jy soveel pret as moontlik hê met die kursusse en baie gaan naslaan. Bestudeer ook die geskiedenis van 'n gebou as jy kan en soek vir jou 'n mentor na wie se werk jy kan opkyk. Maar, onthou altyd, soek jou eie persoonlike aanslag as jy begin werk en probeer altyd om iets met integriteit te ontwerp."